# Hoofstuk I.

## GIEL OOL.

Giel Ool is 'n kort, vasgeboude mannetjie van ag-en-vyftig jaar. Hy is tussen berge en klowe in die Bergeveld van die Boesmanland gebore en het daar groot geword. Van sy sesde tot sy dertiende jaar het hy lammers of kalwers of ramme opgepas tussen die berge. En van sy dertiende tot sy twintigste jaar het hy 'n trop bokke bo-op die plate van die berge opgepas. Toe het hy vir nege maande skool gegaan by 'n uitgeboerde boer wat ordentlik kon lees en skryf en wat Ps. 23 en die katkisasieboek uit sy hoof geken het. Daarop is Giel Ool aangeneem en het hy weer sy trop bokke gevat en hulle opgepas tot sy dertigste jaar, in 1900, en het hy met die Twede Vryheidsoorlog by genl. Maritz aangesluit.

En toe het Giel Ool in 'n gorilla verander; dit beteken dat hy soms stilletjies in die nag die laer verlaat het om hier of daar 'n skot op die vyand te los en dan dadelik en ongemerk na sy laer te kruip. Hy kon dan ook geheimsinniger verdwyn as 'n Boesman en so gou as 'n dwalende gees in die donker nag ronddool. Dis eienskappe wat hy in al die jare snags op die eensame berge en tussen die diep, duistere klowe aangeleer het. Want as



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

sy trop bokke eers saans stil en rustig begin te lê en herkou, dan spring hy weg veld-toe, om met behulp van geweer en honde jag te maak op jakkals, wolf, ystervark of wat ook al.

En niemand van die laer se mense het ooit uitgevind van Giel Ool se nagtelike kaskenades nie. Hy het hom egter self later in die hande gebring.

En dit het só gekom: Hy het weer op 'n goeie nag ongemerk die laer te voet verlaat en in die rigting van vyandige Hotnots gegaan. Afstande kon hy op 'n haar na regskat, al is dit ook nog so donker, want hy maak sy berekenings oordags wanneer hy ook sy oë tot sy volle diens het, en dan maak hy snags op sy ontsaglike geheue en verstandsvermoë staat wat hom dan ook tot dusver nog nooit in die steek gelaat het nie. Maar hierdie nag waarvan ons nou praat het Giel Ool hom deerlik misgis toe hy nog so lekker en saggies vorentoe draf en meen dat die Hotnots nog 'n endjie verder af moes wees. Immers, toe hy vir hom so draf-draf kom kry, toe was hy gedoriewaar tussen die boel swartates. Van hulle wagte het hom natuurlik hoor aandraf en het toe hulle lywe weggetrek. Anders is hy 'n mannetjie wat kan sien soos enige roofdier in die nag. Rondom hom skreeu dit nou:

„Gee oor, gee oor of ons skiet, ons skiet!"

Maar Giel Ool is die koppigheid self; hy het tot op sy dertigste jaar nog altyd sy eie wil en



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

sin gevolg en hom van niemand ter wêreld iets laat gesê of gebied nie. Onverwags los hy dus 'n skot op twee reg oormekaar staande Hotnots en storm dwarsdeur die ander en skreeu tegelykertyd dat die wêreld antwoord gee:

„Generaal, hier is hulle, hier, hier is hulle!"

Die verskrikte Hotnots dink toe dat generaal Maritz ook daar in die nabyheid is met wie weet hoeveel man, en dus neem hulle holderstebolder die spat in alle moontlike rigtinge. Party het somar saam met Giel Ool gehardloop sonder te weet dat dit hy is. En toe was dit dat Giel Ool later so woedend geword het dat sy hele liggaam verlam het en hy dus nie meer kon hardloop nie: Die angs het die Hotnots vleuels aan die voete geslaan en vir hulle laat dink dat Giel Ool ook een van hulle is. Hoe hy dus ook al sy kragte inspan om van die „swernoters", soos hy hulle noem, af weg te kom, dit was alles tevergeefs. Hulle het letterlik agter hom en aan hom gehang. Anders was hy tog altyd so 'n baashardloper; en juis daarom het sy woede hom later so oormeester dat hy nie meer kon hardloop nie. Maar hy moes 'n plan maak, want as hy somar sou gaan sit of staan het, sou die „vuilgoed", soos hy hulle nou weer noem, in alle waarskynlikheid ook gaan sit of staan het, en op die manier kon hulle die bedrog uitvind en hom moeilikheid gee daar almal goed gewapend was.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Hy sukkel dus nog so 'n rukkie voorwaarts, maar verslap so stadig sy gang tot hy eindelik die kans kry om ongemerk agter 'n hoë bos in 'n holtetjie weg te duik. Hier sit hy op sy hurke tot sy onaangename maats van flussies hom nie meer kan hoor nie, en toe neem hy die spat so goed of sleg hy dit kon doen in 'n teenoorgestelde rigting van die wat die Hotnots geneem het. Spoedig egter gewaar hy weer gevaar, wat hy meen wat ook maar weer uit Hotnots sou bestaan, reg vóór hom, en so moes hy nogmaals versigtig van koers verander.

En op hierdie manier het hy later so in die war geraak dat hy nie reg wis waar sy laer eintlik meer is nie.

Hy neem dus maar op goed geloof dan die een rigting om eers alle Hotnots te ontduik, en dan weer die ander om nader aan sy laer te geraak. En so het hy die ganse nag deur gestap en gedraf, maar toe die dag breek was die wêreld nog altyd vir hom onbekend en kon hy nie die laer kry nie. By son-op kom hy skielik oor 'n skerp rantjie weer op 'n klompie vyandiggesinde Hotnots af, want die Engelse het daardie dae in daardie streek orals klompies Hotnots as spioene, wagte en nuusdraers of rapportryers geplaas.

En toe word Giel Ool so kwaad om die „swart gespuis", soos hy hulle toe weer noem, so orals rondkriewel, dat hy somar in sy twee spore op



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

die oop veld gaan staan en op hulle losbrand met sy „leemetford"-geweer wat sestien patrone in sy slot het. En skiet kan hy so gou en so knap as g'n man nie.

Dit was dan ook vir die outates glad te onverwags en te vreeslik; net teen soiets kon hulle g'n weerstand bied nie, en so sny die orige dertig, veertig wat nog nie in die stof gebyt het nie hulle rieme so wat hulle kon. Maar Giel Ool staan en skiet nog so, toe kom 'n twaalftal man van sy linkerkant af aangejaag en brand ook op die Hotnots los wat nou na die naaste klipkoppe vlug. Giel Ool staak sy skietery dadelik, bekyk die twaalf man vir 'n oomblik ewe kalm en sê toe by homself: „A, dis seker van my laer se brandwagte wat ook op die loer gewees het vir daardie vlugtende maaivoedies."

En so was dit ook. Generaal Maritz het goed geweet dat in daardie wêreld orals op berge en in dale klompies Hotnots as spioene geplaas is, en so het hy dus ook altyd in alle rigtinge patrollies uitgestuur om die wêreld te verken en waar moontlik die vyand te bestook en uit sy skuilhoekies te verjaag. Die twaalf man jaag dan nou ook die vlieënde, swart gedaantes agterna tot in die onbegaanbare ruigtes van die klipkoppe en kap nog verlaas hier en daar 'n vlugtende skepsel om. Maar gou egter was hulle terug by Giel Ool en wou dadelik weet wat hy daar



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

so stoksielalleen by die Hotnots kom maak het. Hy dink toe dat hulle hom van iets baie laags verdink, waarskynlik dat hy 'n gorilla was wat somar alleen in die veld loop om jag te maak op wat in sy bereik mag kom. Verontwaardig kyk hy die mans aan en sê: „Julle moenie dink ek is julle aap of gorilla nie; ek het my perd gesoek en toe op die spul skobbejakke afgekom."

Die mans wou hem egter nie glo nie, en so trek een van hulle hom agterop sy perd en sê: „Kom ons gaan soek jou perd liewer in die laer."

Giel Ool was oor hierdie woorde so verbitterd dat hy kon moor, maar magteloos tussen die twaalf uitgesoekte kêrels. En woedend het hy sy twakpruimpie van kies tot kies gesit en draai tot hulle eindelik die laer bereik het. Toe gaan die mans die saak verder na en kry Giel Ool se ryperd ewe hoog en droog en houtgerus tussen die ander perde, en spoedig blyk dit ook volgens herhaalde beswerings van alle perdewagters dat die perd nog nooit soek geraak het of weg was nie.

En hoe meer dinge aan die lig gekom het, hoe meer buiten homself van woede het Giel Ool geraak. Hy het nie één woord gepraat nie, maar sy ogies het al meer geglinster soos die van 'n venynige geitjie, en sy twakpruimpie moes al vinniger onder sy tong deurrol. Die mans het hulle daaraan egter weinig gesteur en dus vir



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

generaal Maritz van alles verwittig. En die generaal het die manier gehad om so dwarsdeur jou siel te kyk, en om jou oombliklik in al sy doen en late te oortuig dat hy absoluut glad g'n doekiesomdraaiery kan veel nie, sodat selfs die hardkoppige Giel Ool se woede gou in verwarring en verleentheid oorgeslaan het, toe hy voor hierdie hoogste gesag in die laer gedaag word. Na hy die generaal dan ook slegs vir 'n oomblikkie beloer het en min of meer 'n skatting van sy humeur op daardie tydstippie gemaak het, besluit hy om liewer nou maar met wortel en tak voor die dag te kom.

„Gen'raal," begin hy, „my hande het tog te veel gejuk om die swart satanse goed snags stilletjies te gaan skiet; maar slaan my vandag morsdood — mors, morsdood, en dan kan ek hulle mos nie meer skiet nie."

Giel Ool word nou verder onder 'n skerp kruisverhoor geneem en toe kom dit uit dat hy al menige nag gaan jag maak het op die spioene. Die twaalf man moes ook getuig dat hulle op hom afgekom het toe hy juis besig was om aan die „gejuk" van sy twee hande voldoening te gee, deur op vlugtende tates te vel.

Na alles duidelik was, het die generaal hom net streng verbied om voortaan met hierdie soort manier van eenman-oorlogvoer verder aan te gaan.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Dié verbod het Giel Ool so teleurgestel dat hy sy mond die dag nie aan 'n stukkie kos gesit het nie. Van die twede dag af het hy egter weer begin te eet, en net die volgende nag, so omstreeks middernag, het hy eers baie versigtig onder sy kombers uitgeloer, toe doodstil en langsaam soos 'n trapsuutjies aan kruip gegaan en binne 'n uur was hy weer eensaam en alleen op die veld. Sy skerp ogies het gedurende die vorige agtermiddag ver in 'n diep, donker bergkloof een of twee klein vuurrokies bespeur. Op die oomblik is hy nou in die rigting oor ruwe berghellings aan klouter. En dit was weer die skoot so reëlreg op 'n klompie spioene af.

Hy het goed geweet dat die vuurrokies van die vorige agtermiddag beteken dat daar weer van die „satanse goed" uit die hoë berg op die ou Boerlaertjie loer en dit ook weer sal rapporteer. Die Engelse het dan ook altyd presies geweet waar die stomme ou laertjie hom bevind, en het hom ook reeds menige dag so byna-byna omsingel. Daarom kon Giel Ool dit nie oor sy hart kry dat die oorsake van daardie vuurrokies ongehinderd moet gelaat word nie. En soos 'n slang seil hy nou oor rotse en tussen skeure en bosse nader, nader. Toe hy na skatting na genoeg was, moes hy kort-kort lank en plat op sy maag bly lê om na die nietigste geritsel te luister en om ook in die helder sterlig goed te loer en nogmaals te loer.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Dan seil hy weer vorentoe en dan lê hy weer doodstil soos 'n skilpad wat by die kleinste onraadjie kop ingetrek het. Soms verander hy ook sy koers, alsof hy nie heeltemaal seker van sy saak is nie; maar dit was maar baie klein koersveranderinkies hierdie, want Giel Ool kon skat en regte koers hou soos 'n ou geoefende skeepskapitein by sy kompas. En toe Giel Ool ook weer vir hom kom kry, gewaar hy op slegs 'n paar tree, net effens links van hom, goed wat op uitgestrekte liggame onder komberse lyk. Baie versigtig skuif hy nog 'n bietjie nader en toe sou hy eers waarlik nog 'n gedaante, so 'n klein endjie van die anders af, in half sittende houding ontdek. Hy kyk sy skerp ogies byna uit sy kop, maar alles is doodstil.

Hy probeer die gedaantes tel. Hy oortuig hom dit is net vier wat daar lê en een wat daar sit. Dit is natuurlik die half sittende se beurt om as wag wakker te bly, maar hy slaap tog ook. „Ja", sê Giel Ool by homself, „so ken ek mos 'n Hotnot." En terwyl hy die spulletjie so lê en beloer, vlieg daar eensklaps 'n duisend gedagtes deur sy kop: „Wat sal dit help dat ek nou daardie sittende vuilgoed omkap? Die ander vier sal vervaard opspring en op dieselfde oomblik in die duisternis verdwyn, soos dit reeds meermale gegaan het. Hulle vier sal ons dan dadelik gaan rapporteer en die Kakies — dan nog woeden-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

der — sal met al meer strikke en valle en liste en magte kom om ons te vang. En in die plek van daardie een sittende sal hope ander geplaas word. Kon ek tog maar alvyf in een slag slaan! Maar hoe? Skree ek hends-op, skrik hulle hulle ook vrek, en spat soos bergdassies weg, sonder dat ek dan eens één teen die grond getrek het."

Dergelike en nog baie ander gedagtes hou hom nou vir 'n hele ruk besig. En hoe meer hy dink hoe magteloser begin hy hom te gevoel en hoe woedender hy word. En hierdie toestand was later so verskerp dat hy homself vergeet, en sonder te weet wat hy eintlik doen skree hy eindelik tegelyk met 'n skot wat hy somar bo-oor die skepsels los:

„Loop, satanse goed, loop! Vertel die Kakies dat julle almal sal vrek!"

En die arme, halfdoodverskrikte Hotnots het ook geloop asof die duiwel agter hulle is; niemand het getraak of sy broek skeur en of hy kort-kort been in die lug lê nie.

Versigtig en heeltemal ongemerk het Giel Ool later weer in die laer onder sy kombers kom kruip. Niemand kon hom in die nag vang nie; dan was hy in sy element; tot sover in sy lewe was hy ook snags meer besig op berge, in klowe en dale as iemand anders. Vir sommige van die Boerlaertjie se burgers het dit gegaan of hulle daar gunter 'n geweerskot gehoor het, maar



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

hulle kon hulle maar vergis het, of dit kon ook wel wees dat 'n half slapende Hotnot sy geweer per ongeluk laat afgaan het. En so het die brandwagte ook gedink.

Maar Giel Ool het nooit weer na hierdie nag alleen uitgegaan nie. Die awontuur van die nag het hom tot inkeer gebring en nou kon hy vir ure agtereen teen sy saal lê en dink, dink, tot hy glad opgeskeep met homself gevoel. Dit het hom so vies gemaak, dat hy spoedig die laer een nag stilletjies te voet verlaat het. Sy perd, saal en toom wat die Boere hom gegee het, het hy agtergelaat, „want dis andersmansgoed", het hy gesê. Dus net met sy eie geweer oor sy skouer en sy rolletjie kooigoed agter sy rug het hy uit die Kamiesberge waar die laer toe was, ontsnap. Die wêreld was toe orals baie onveilig en dit het hy baie goed geweet. Daarom het hy net van kort na sononder tot kort voor sonop die wêreld geskeur. En in die neënde nag het hy op sy eie veewerf, bo-op sy eie Bergeveld en by sy eie ou dowe neef aangeland. Die ou dowe neef was dadelik wakker geruk en „gebeduie" dat hy gou 'n bietjie „koffiemoertjies moes warm brou". Die ou dowe neef was baie nuuskierig, en toe die eerste vlammetjies hulle ou veldspondokkie verlig, kyk hy Giel Ool ernstig in die oë en vra: „Waar gai jy?"

„Hiernatoe", antwoord Giel Ool.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Die ou dowe word al nuuskieriger en sê: „Maar hier 's g'n Englismanne nie."

„En ook g'n satanse goed nie", sê Giel Ool botweg.

„Satanse goed?" vra die ou dowe verwonderd.

„Hotnots, hoor jy? Hotnots, Hotnots!" skree Giel Ool al harder en harder.

„Hotnots!" roep die ou dowe nog verwonderderd uit.

„Ja, Hotnots", antwoord Giel Ool, „Hotnots wat orals soos klipkoggelmanners vir jou lê en beloer; Hotnots wat orals soos bergadders in klipskeure, of in kranse, of onder rotse in gate lewe om ewig te loer en loer en loer vir buit en prooi; Hotnots wat orals altyd soos erdmantjies op stertstutte sit om die hele wêreld deur te kyk; Hotnots wat orals soos sieltergende bobbejane hoog klouter om des te beter al die kwaaddoenplekke hier onder raak te sien; Hotnots wat orals soos die volmaan se bakkies van bo-af op jou sit en kyk; Hotnots, my stomme ou dowe neef, Hotnots, Hotnots wat soos 'n vervuiling is."

Giel Ool het elke slag as hy die woord Hotnots uitskree, met 'n ronde klip waarmee hulle op 'n ander plat klip koffie maal, hard teen die grond gestamp om op hierdie woord meer nadruk te lê. En hoewel die ou dowe neef niks van die vloed van woorde verstaan het nie, tog het die gestamp en besondere geskree by Hotnots hom laat ver-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

moed dat daar iets baie vreesliks met Hotnots aan die gang moes wees.

Al meer geprikkel deur 'n vretende nuuskierigheid, gaan hy dan nou reg voor Giel Ool op sy hurke sit en roep nog harder en verwonderder as ooit uit: „Hot-nots, ou Broer!"

„Ja, al skree jy jou ook vrek", antwoord Giel Ool net so hard, „dan sê ek nog Hotnots, Hotnots, Hot . . . ."

Maar Giel Ool was nog so besig om die eerste sillabe van Hotnots vir die derdemaal in sy laaste woorde uit te galm, toe knal daar 'n geweerskot en vlieg daar 'n koeël so dwarsdeur hulle vuurtjie, dat keteltjie, vuurstompies, as en vonke die lug in spat. Met 'n geweldige kreet van Hot-nots! val die ou dowe neef rûensagteroor. Maar Giel Ool gryp hom met die een hand aan die kraag, en sy geweer met die ander, en breek letterlik agter dwarsdeur die ou wagterspondokkie. Op dieselfde oomblik knal meer skote, maar toe was die ou dowe neef al op die been en besig om sy rieme saam met Giel Ool die duisternis in te sny . . . .

Die volgende môre het Giel Ool en sy dowe neef uit 'n hoë kop op hulle veewerf gesit en neerkyk tot hulle oë gewater het van al die stip en skerp kykery. Maar hulle kon g'n lewendige wese bespeur nie; ook hulle vee was nergens te sien nie. Daarop het hulle van ander koppe af



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

die wêreld gaan verken, tot hulle later hulle vee in 'n diep kloof gewaar het, maar hoegenaamd g'n onraad nie. Die ou dowe neef gaan toe na die vee en Giel Ool na die werf. Die arme ou werfie was ontsier met die oorskot van kopafgesnyde bokkapaters, en die ou veldspondokkie was besteel en geplunder.

Giel Ool kon somar dadelik sien dat dit die werk van Hotnots is. En daar het hy hom staan en versondig en kop geskud in magteloosheid tot sy ou dowe neef ook eindelik daar kom. Toe het hulle langs mekaar gestaan en die affêre nog lank so bekyk, en toe vra die ou neef: —

„Hot-nots, ou Broer?"

As antwoord oortreë Giel Ool toe eers die derde gebod op 'n gruwelike wyse, want in sy woede roep hy die Naam tweemaal agtermekaar, en skree daarop: „Hotnots, ja, Hotnots, Hotnots!"

Had Giel Ool egter geweet wat net kort agter sy rug aangaan, sou hy nie so gerus gestaan en skree het nie. Maar dit kon hy nie weet nie, want die ou met-kraalbos-begroeide slootjie, daar agter sy rug, het hy reeds van vroeg die môre af kort-kort goed in oog gehad en totaal nie die minste onraad bespeur nie. Tog het in daardie slootjie al die tyd ses Boesmanlandse Basters gelê en wag om vir hom en sy ou dowe neef te vang (Daar was die nag nog meer Basters, maar 'n klompie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

van hulle het later in die nag kastig koers gevat, glad weg daarvandaan, om juis vir Giel Ool met die spore te mislei.) Toe die ou dowe neef ook op die toneel verskyn, het die leier van die orige ses Basters gefluister: „So, nou het ons altwee, nou is ons kans."

Maar toe die twee neefs toevallig met hulle rûe na die slootjie gaan staan, het die Basters kans gesien om nog 'n hele endjie agter kraalbossies nader te seil. Terwyl Giel Ool nou die derde gebod aan oortreë is, was hulle meer as na genoeg vir hulle doel, en toe hy nou boonop nog so boos en smalend Hotnots, Hotnots staan en skree, was hulle meer as gretig genoeg ook om nou hulle woede te koel. Dit was dan ook van die soort Basters wat die woord hotnots glad nie kon verdra nie; al sou jy ook praat van 'n Hotnot wat tienduisend myl van hulle verwyder is, sou hulle nog altyd gedink het jy skimp op hulle.

Woedend spring hulle dan ook op met oorgehaalde en aangelegde geweers en skree almal tegelyk: „Hande! hande op!"

Verskrik draai die twee neefs om en kyk so reg in ses geweerbekke. Daar was niks te doen nie; Giel Ool moes maar sy geweer laat val en saam met die dowe neef die hande opsteek. Maar dit het hy nie gedoen om hy van plan was om hom aan die Basters te onderwerp nie, maar om



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

daar toe op dieselfde oomblik allerhande gedagtes deur sy kop gevlieg het, wat hy moes doen om heelhuids te ontsnap en dan weerwraak te neem; en dit het hy goed geweet dat hy nie, soos hy daar gestaan het, lewendig kon uitraak nie.

Gou was die neefs dan gevang, hand-agter-die-rug geknoop en nog aanmekaar gekoppel ook. Toe word hulle wreed gestamp en beduie om vooruit en in 'n seker rigting te gaan. Die Basters bly op hulle hakke en jaag hulle met die geweerkolwe aan.

Die veld was ru; hulle kon nie al die bosse en klippe vermy nie. Maar Giel Ool kners op sy tande, beduie sy ou dowe neef met sy oë om hier linksom 'n klip of daar regsom 'n bos te gaan, terwyl hy langsaan tegelykertyd somar hier dwarsoor of daar dwarsdeur spring. Tog het dit nog val-val en letterlik met broekskeur gegaan. En so het dit min of meer aangehou tot laat in die nag toe hulle by 'n kampplek van die vyand kom. Hier word hulle vir die nag op die kaal grond onder 'n wa vasgeknoop.

In daardie dal het 'n sekere Wetkop, 'n witman wat vir hom 'n hotnotsmeid gevat het, die sogenaamde „keptin" van die Basters gewees. Hy was soos die onregverdige regter „die God niet vreesde, en geen mensch ontzag." Hy kon drink en vloek en dit vir die vreedsame bewoners van Bokveld en Boesmanland 'n hel op aarde maak. Met



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

'n dertig Basters het hy hierdie streke deurkruis, die mense op gruwelike wyse tempteer en hulle tot van die daaglikse voedsel beroof. Vir soebat en smeek en bid het hy net so min 'n oor gehad as 'n klip. In sulke gevalle was hy baie harder as die onregverdige regter wat hom tog uiteindelik deur die aanhoudende smeekbedes van 'n weduwee laat oormeester het.

Dit was dus baie gelukkig vir Giel Ool en sy ou dowe neef dat „keptin" Wetkop die nag toe hulle as gevangenes in sy kampie gebind, verskeur en val-val aangekom het, in so 'n besope toestand verkeer het dat hy van die wêreld niks geweet het nie. Dit was eintlik dubbel gelukkig vir die twee neefs, want die Basters het almal (die ses inkluis) hulle „keptin" se voorbeeld gevolg. Die wa het dan ook juis die vorige dag van die dorpie N— af gekom met die „orders" van „keptin Wetkop"; en die „orders" het meesal uit alle soorte sterk en breinbenewelende vloeistof bestaan.

Giel Ool het somar orals die drank, waarin hy 'n vreeslike walg het, geruik. Daarop het hy alles gou raak geraai. Daar was ook g'n wag by hulle nie. Die ou dowe neef het ook gou dingetjies agtergekom. Dit was donker, baie donker. Hulle hande en voete was oor en weer aan een van die wa se agterwiele vasgeknoop, maar hulle kon tog nog rondskuif en wonders met tande en



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

vingers verrig. En die ou dowe neef veral het gebyt asof hy slagtande van diere besit.

En so het die neefs aangehou met sukkel en die Basters met suip; en eindelik was die twee los van die rieme en die ses vas van beskonkenheid, net soos hulle maters. En terwyl die neefs toe al meer nugter en opgewonde geraak het, het die Basters al lamlendiger en dooieriger geword en ten laaste in die dierlike gesnork van besope beeste verval.

„Nou moet hulle almal vrek", sê Giel Ool saggies by homself. Gelukkig bedink hy hom weer. En toe kruip hy maar soos 'n wilde Boesman rond. Maar hy kon nie al die geweers en patroonbande in hande kry nie; hy wou nie alles waag nie; hy begin ook al glo dat versigtigheid die moeder der wysheid is. Tog het hy en die ou dowe neef die kampie met veertien geweers en 'n hele paar honderd patrone verlaat.

Hulle kon nie weer na die ou dierbare veewerfie gaan nie; daar sou hulle mos nou juis die eerste gaan soek word; daar was iets baie eenvoudigers en tenminste veiligers te doen, en dit was om na die plaas van Giel Ool se ou vader te vlug. Hierdie plaas lê ook letterlik omring van berge en diep klowe. Die ou vader kon dan deur ander hulp die vee wat toe herderloos is, laat haal. En Giel Ool en sy ou dowe neef kan in die berge rondom sy ou vader se plasie lewe. En so



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

het ook alles gebeur. Maar die twee neefs het langer in daardie berge moes bly as wat hulle ooit kon droom. Want die oorlog het nog lank aangehou en byna dag vir dag was op Giel Ool se ou vader se plasie Hotnots, Basters of ander vyande om die neefs te vang.

En na die oorlog het onverwags poliesie op die plasie verskyn met 'n dagvaring vir Giel Ool: Hy moes voor die hof verskyn vir moord op Hotnots. Die oubaas is gedreie, dat hy moes sê waar sy seun is, maar die ou man en al sy mense en ook al sy getroue bure het gemaak of hulle niks in der wêreld meer weet of hoor van so iemand as Giel Ool en 'n ou dowe neef nie. Maar die wet het gemeen dat sy arms ook lank genoeg is vir so 'n mannetjie en sy ou, nogal dowe, neef. Tog was die twee neefs te oorlams en rapats vir hierdie wonderlike arms, want vir oor die twee jaar na die oorlog het die wet nog altyd kort-kort sy arms, tevergeefs grypenderwys na hulle twee uitgestrek. En al die tyd het hulle elke week twee of meer dae by die ou vader of by ander bure deurgebring. Giel Ool het selfs later aan vry gegaan na 'n buurmansdogter.

Een dag het die ou dowe neef na hom, langs die nôi, aangehardloop gekom en hard in sy oor geblaas: „Hotnots!" En toe het hulle ongemerk in 'n ou kafhokkie onder die kaf gaan kruip. (Die ou dowe neef het toe altyd wit poliesie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

ook vir Hotnots aangesien.) Immers, dit was vier witmans wat weer vir hulle kom probeer vang het, wat hy gesien het. Maar hierdie kêrels was weer laat. En so het hulle twee meer as een dag baie noue ontkomings gehad, want hulle was later meer as waaghalsig. Maar wie sê so? Vir hulle vang was pure bog. Later het daar dan ook glad g'n dienaar van die wet meer na hulle kom soek nie. En byna drie jaar na die oorlog het Giel Ool en sy neef op 'n goeie dag somar goedsmoeds vergoed huis-toe gekom sonder dat hulle van amnestie gehoor het. Maar g'n haan het na hulle gekraai nie.

En so het Giel Ool en sy ou dowe neef weer op 'n goeie dag elkeen 'n dogter van die buurman op 'n wa gelaai en na die dorpie N— gery om te trou. Toe het hulle teruggekom, 'n pad na hulle ou geliefkoosde veewerfie, bo-op die berge, gemaak, en daar ook 'n dam aangelê en 'n put gegrawe.

En jy kan vandag nog vir hulle daar gaan kuier. Hulle sal jou baie goed ontvang. Maar jy moet tog net nie die woord Hotnots in hulle teenwoordigheid uitroep nie, want dan skrik die ou dowe neef hom byna dood, en word Giel Ool so verbitterd dat dit 'n naarheid is.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# Hoofstuk II.

## BOESMANLANDSE ONKUNDE.

Ons was regte verwonder om te hoor dat Jan Sous so baie sê-goedjies by sy kind se siekbed het. Sy arme kind was baie siek en ons het verwag dat hy van angs en hartseer liewers niks sou sê nie, en sy vrou gretig sou bystaan in alles wat hulle siek bloedjie nodig gehad het. Maar dit het hy juis nie gedoen nie, want hy was so vererg en verbitterd op sy predikant dat hy net gestaan en pruttel het. En hy het maar harde woorde gepraat ook.

„Ek sou dink", sê hy kwaai, „dat 'n leraar darem by so 'n siekbed kan teenwoordig wees; waarvoor word hy dan sy salaris betaal?"

Versigtig vra ons hom: „Maar het jy hom al van die kind se siekte laat weet en hom laat roep?"

„Nee", antwoord hy bitsig, „dis mos nie nodig nie; dis mos sy plig om die krankes te besoek."

Hierop waag ons dit om so vriendelik as kan te sê: „Maar die kind het maar eers gister siek geword, en selfs die arme predikant is ook nie alwetend nie."

Maar toe kyk daardie Jan Sous vir ons met



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

twee oë aan wat kon vuur skiet. En toe sien ons in dat met hom nou eenmaal niks te beginne was nie. Daar is ongelukkig meer Jan Souse wat teen hulle beterwete die hele wêreld met hulle woorde en dade onderstebo draai, en dan al boser word om die hele wêreld nie met hulle in alles saamstem nie.

Uit eerbied vir die sterwende kind het ons maar stilgebly. En net hier kon die hele saak maar stop gesit gewees het, maar toe wou Jan Sous om die dood nie ook stilbly nie.

Ou vrouens word in haas van orals af laat roep om somar tegelyk die arm kindjie — dood te dokter. En aan al hierdie mense uit die goeie ou tyd lug Jan Sous sy onvergeeflike grief teen die predikant. En sommige van hierdie ou vrouens voel meer as vereerd dat Jan Sous hulle, ten spyte van wat geneeshere en ander opgevoede mense sê, tog as bevoegde en slim doktersvrouens erken en van gebruik maak ook. En boonop voel hulle nog meer vereerd dat hy hulle so in sy vertroue neem dat hy sy hele hart selfs met trane in sy twee oë aan hulle blootlê. Dit kon hulle nie weerstaan nie; en hulle voel en sê dan ook somar dat dit darem meer as gemeen is van die predikant om 'n man so te verag en te ignoreer, selfs as die dood reeds met sy kind, sy vlees en bloed besig is. Hulle skud hulle koppe en slaak sug op sug en kyk op na die hemel met die allersaligste



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

plooie en gebruik wonderlike sê-goed teen die leraar om arme, stomme Jan Sous se brandende hart af te koel.

Ook het heelparty ander mense wat gewoonlik somar nuuskierige agies genoem word, na die siekhuis gekom om daar net in die pad te wees en allerhande onnodige vrae te stel en dan later soos onnosele idiote te sit en loer, loer vir urelank.

Jan Sous was egter baie bly en dankbaar dat ook hierdie mense soveel belang stel in hom en sy vrou se nood en angs en hulle dus kom besoek het. Dit het wel gelyk of hy elkeen van hulle om die hals kon val; en hierdie hartlike ontvangs het vir die nuuskierige besoekers laat verbeel dat hulle die barmhartigste Samaritane van die wêreld is. Tussen hakies kan hier ook gesê word dat hulle dié middag byna alle kos van die tafel, en vóór die ander mense se neuse, weggeëet het, want hulle het glo gemeen dat hulle daartoe die volste reg het vir die moeite wat hulle gedoen het om ook die siekhuis te besoek.

En teen hierdie mense het Jan Sous ook maar weer steen en been gekla oor die onmenslikheid van die predikant. En hulle was baie diep verontwaardig om sulke skreiende dingetjies te hoor van 'n leraar, wie se dienste in die kerk hulle nog nooit bygewoon het nie „om dit vir ons", sê hulle, „hoeka gelyk het dat hy net vir die ryk



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

mense is". Jan Sous was baie in sy skik om hulle so te hoor praat en het hulle toe nog meer sêgoedjies vertel.

Die onskuldige kind het swakker en swakker geword. Die ou vrouens en die nuuskierige agies het in 'n digte kring om die bed gestaan en hot en haar met mekaar fluisterend gesels. Daar was vele hoofde, vele sinne, baie asems en 'n verstikkende lug. Ook was daar 'n oorvloed van raad, te veel medisyne, meer as genoeg bohaai, oordrewe opgewondenheid en absoluut te min suurstof vir die sterkste man se gesondheid. . . .

Die kindjie *moes* sterwe.

En toe die ou bloedjie uit die aaklige atmosfeer verlos was het almal bitterlik geween.

Jan Sous wou daar nie van hoor dat sy leraar die begrafnisdiens moes kom hou nie.

„As my kind vir hom te sleg was in sy lewe, dan is hy ook vir hom te sleg in sy dood", het hy huil-huil gesê. „Ek het . . . ek het . . . mos darem . . . baie vriende . . . hiersô, en enigeen van hulle . . . kan maar die lykdiens . . . die lykdiens hou", het hy nog stamp-stamp bygevoeg.

Daar was onder die nuuskierige agies 'n hele paar jong mense wat glad nie omgegee het om hierdie laaste „liefdediens" te onderneem nie, maar aangesien hulle dit tog nie almal tegelyk kon doen nie, moes teen wil en dank dan maar die oudste onder hulle gekies word. Hierdie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

oudste was ook maar nog jonk, hoewel al lank getroud. Daarby was hy onbedrewe en onbekend met die Bybel. Maar dit was vir sy vroutjie tog 'n alte groot eer wat hom te beurt geval het, en so het sy hom eenkant geroep en aangemoedig en ook so hier en daar gesê wat hy moes sê. „Ek weet jy lees maar baie swak", sê sy verder, „maar jy kan mos eers afkondig dat jy nie bra kan sien nie."

En so het dit gekom dat hierdie oudste man onder die nuuskierige agies twee dae na die sterfgeval vir die eerste maal in sy lewe die Bybel voor ander mense in sy hande neem. Maar toe het hy met hierdie woord van waarheid in die hand eers baie lank en omslagtig probeer duidelik maak hoe vreeslik sleg sy twee oë kastig is, sodat hy kastig byna-byna nie één lettertjie kan raaksien nie. Daarna het hy begin keel skoonmaak, aan hoes geraak, twee bekers water uitgedrink en toe by die boek 1 Kronieken oopgeslaan en 'n paar versies uit Psalm 23 afgerammel wat hy as kind uit sy hoof geken het.

Hy het darem 'n goeie stuk of wat van die bekendste Gesange en Psalms kon sing, maar hy het nie één se nommer geweet nie. Dus stel hy toe na sy voorgewènde lesery voor: „Laat ons maar weer sing — 'Juig, aarde, juig'."

Toe het hy 'n soort rede gevoer waarvan alle sinne, net hierdie één gedagte uitgedruk het:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

„Daar in die lykkis is die dood, en hier waar ek staan en julle sit is nog 'n lewe."

* * *

Die predikant kon nie vir Jan Sous verstaan nie. Hy was in 'n ander deel van sy gemeente op huisbesoek, maar net toe hy tuis gekom het en van Jan Sous en sy vrou se treurige verlies gehoor het, het hy hulle dadelik gaan besoek. En toe was Jan Sous so snaaks dat die predikant nie aan hom vattigheid kon kry nie. Hy het eers gedink dat dit toe te skrywe was aan Jan Sous se droefheid oor die dood van sy kind. Maar 'n bedroefde mens hoef darem nie ook 'n onbeleefde mens te wees nie. En Jan Sous, dit het die leraar gou agtergekom, was die dag somar nors en onbeleef. Baie vriendelik vra die leraar hom dus later na die oorsaak van sy gedrag. Maar Jan Sous gee kortaf 'n ontwykende antwoord en begin toe verder deur tekens en 'n binnensmondse taal te kenne te gee dat hy regte olik voel en liewers wou gaan lê.

Die leraar spreek hom nou hartlike woorde van bemoediging en troos toe, maar dit alles skyn op hom g'n indruk te maak nie. Hy sit soos 'n skilpad wat nou eenmaal sy kop ingetrek het om hy op sy harde dop staatmaak. En werklik het hy hom ook teruggetrek in 'n dop van valsheid en lafhartigheid; daarom kon hy niet teen die enigste man met wie hy behoort te praat en moes



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

praat, om hy hom alleen onskuldig beskinder het, eens boe of ba sê nie.

Maar Jan Sous en sy vrou het nooit kon droom hoe vurig hierdie selfde leraar al vir die welsyn van hulle twee gebid het nie.

Na die leraar se vertrek het Jan Sous skielik sy kierie gevat en na bure gestap om hulle die nuus te vertel.

Spoedig het hy dan ook die gesprek op die leraar gebring. Toe sê hy: „Raai bietjie, die predikant het nou by ons wou kom flikflooi en goed maak, wat hy met ons kind se siekte verbrou het, maar julle ken my mos, ek is nie 'n man wat vir my met valsheid en doekiesomdraaiery ophou nie, en so het ek hom gou laat verstaan wat is wat."

Hierdie woorde het die bure so nuuskierig gemaak dat hulle dadelik wou weet wat die predikant gesê het en hoe Jan Sous hom getroef het. En Jan Sous het nou te ver gepraat om weer sy kop in sy dop terug te trek, want wat sou die bure dan van hom dink? Hy moes nou maar gou iets versin. Hy sit dan so 'n bietjie stil en toe sê hy: „Kyk, julle ken my mos, ek is nie 'n man wat spog of met my opienies te koop loop nie. Maar een ding is darem ook seker, ek laat met my van niemand, al is hy nou ook die predikant of die koning op sy troon, die fool speel nie. Nee, dit kan ek nie verdra nie; dan kuier ek hom



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

in, al is hy nou ook wie. En dit sweer ek julle voor, die predikant sal van nou af vir Jan Sous lank onthou. Want toe hy nog 'n ou gemaakte laggie opsit en ou soet woordjies gebruik om sy foute te bedek en alles dood te praat, toe kyk ek vir hom so stip in sy twee skaam oë en sê vir hom: ,Nee toe maar, Meneer, my kind is al dood, die lykdiens is al gehou, die trane is al gestort en my kind rus al in sy graf; nou kom jy verniet, ek het jou nie meer nodig nie'. Maar toe moet julle vir hom gesien en gehoor het. Ja-nee, toe sit hy ewe verleë met 'n ou hoop flou eskskusies. Dit was dan kastig sus en dit was dan kastig so en ek weet nie alles wat nie. Maar weet julle wat sê ek toe vir hom? Regtig, toe val my darem somar 'n lekker bybelteks by, want toe kyk ek hom somar weer so styf vas in sy twee skaam oë en gooi hom hierdie teks voor die kop: ,Ik zeide in mijn haasten, alle mensen zijn leugenaars'.

Maar kyk, dit was darem vir jou 'n raakskoot hierdie, want so het ek nog nooit 'n mens kleur op kleur sien kry nie. En sy gewete sal hom toe natuurlik ook beet gepak het; julle ken mos 'n gewete, dis mos 'n ding wat vir jou somar opvreet. Daarom wil ek mos ook nooit iets teen my gewete doen nie. Maar wat ek eintlik wou gesê het, die teks van my het hom toe kaf geloop en die mond gestop. En toe het Meneer ook nie by ons meer duurte gehad nie, néé. Hy het somar gegroet en geskollie."



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Party van die bure was verwonderd om te hoor dat Jan Sous so rapats met die leraar was vir wie hulle darem altyd so 'n eerbied gehad het dat hulle dit nooit sou gewaag het om so brutaal teen hom te praat nie. 'n Paar ander het getwyfel of Jan Sous wel werklik dieselfde woorde wat nou uit sy mond gekom het, ook teen die leraar gebruik het. Een van hulle egter, Tomie Lokner, het vas geglo wat Jan Sous hulle vertel het en hy was ook selfs baie, baie bly daarom. Want Tomie Lokner het kort vantevore ook sy kop onnodig teen die bedienaar van Godswoord gestamp en hy voel nou nog vreeslik vies daaroor.

Hy is maar 'n doodarm sukkelaar en hy het 'n tydjie vantevore verneem dat die mensliewende ds. A. D. Luckhoff 'n hoop wolkomberse aan hulle leraar gestuur het om onder die armstes van sy gemeente uit te deel.

Nou, 'n wolkombers was nie juis iets wat die Lokners broodnodig gehad het nie, want hulle het darem nog beddegoed genoeg had. Maar Tomie Lokner was van die soort mense wat baie graag van gawe en gifte lewe, en so was hy een van die eerstes wat die pastorie oor 'n wolkombers gaan besoek het.

Maar die predikant maak hom toe duidelik dat die uitdelery van die komberse in die hande van 'n gekose kommissie, bestaande uit 'n paar



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

lede van die Kerkraad en die A. C. V. V., is en dat hy dus nie die reg het om maar stoksielalleen komberse uit te deel nie. Maar om vir arme Lokner tog nie teleur te stel nie, noem die leraar hom die name van slegs twee kommissielede op wat maar 'n paar tree van die pastorie woon, en sê dat hy net hulle toestemming ook moet gaan vra; en dan sal die leraar hom 'n kombers gee.

Maar Tomie Lokner is 'n man vol valse skaamte en wou dus nie op die strate in sy eenvoudige boereklere gesien wees nie. Ook is hy 'n kêrel wat gou moeite ontsien en ook gou kwaad word. En toe die predikant nou nie ewe gedienstig na sy pype wou dans nie, toe vererg hy hom somar op die plek. Huigelagtig genoeg, gee hy darem voor asof hy na die genoemde twee lede sou gaan, maar inderdaad kies hy die kortste rigting na sy huis, waar hy ook gou baie boos en met 'n hele hoop stories aanland. Toe sy vrou hom na die kombers vra, sê hy: „Kombers se malle verstand! Die paai-domminie het my na bakbord en stuurbord gestuur, net om hy ons, om ons vandag arm en behoeftig is, nie 'n kombers gun nie. Hy wil natuurlik die komberse aan sy ryk ouderlings en ryk dijakings uitdeel."

Kort na hierdie voorvalletjie kom 'n onderwyser, wat in Lokner se buurt skoolhou, vir hom sê dat die leraar die volgende Sondag by die skool sou kom diens hou en dat hy en al sy



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

mense dan tog seker ook moet oorkom. Maar Lokner laat sak sy kop en sê binnensmonds: „As ek vir 'n kombers te sleg is, is ek vir 'n diens ook te sleg."

Die onderwyser het sy woorde darem gevang en vra hom toe ewe verwonderd wat hy bedoel. En toe kom Tomie Lokner op sy manier met die storie van die kombers voor die dag.

„Maar my liewe man, wil jy dan jou godsdiens verruil vir 'n kombers?" vra die onderwyser.

„Ja-nee, dit kom nie daarop aan nie", antwoord Lokner en stap toe by sy huis uit, wat moes dien as 'n wenk vir die onderwyser dat ook sy geselskap en sy teenwoordigheid nie langer nodig is nie.

Tomie Lokner was dus baie, baie bly om te hoor hoe lekker Jan Sous die predikant ingeklim het. En dit het ook nie lank geduur nie of Lokner het hierdie lekker storie van Jan Sous wyd en syd gesaai.

Maar hiermee was hy nog nie tevrede nie: Binnekort sou daar in hulle omgewing 'n taamlike vandiesie wees. En hy het goed geweet dat daar van die „ryk ouderlings en ryk dijakings" ook sou wees. Hy neem hom dus voor om sy storie van die kombers en Jan Sous se storie van die lekker bybelteks op die vandiesiedag aan elke



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Jan Rap en sy maat te vertel, maar altyd so dat die danige „ouderlings en dijakings" wat alleen by die „domminie" in die guns is, dit kan hoor. Hy sal hulle tog tempteer!

Maar 'n hele paar dae vóór die vandiesie het 'n ouderling, 'n vroom en ervare mensekenner, van Tomie Lokner se storietjies gehoor. En hierdie ouderling het goed geweet dat 'n saak altyd twee kante het. En daarom het hy toe gou ook die anderkant van die saak nagespoor en tot in die kleinste besonderheid uitgepluis, wat vir hom ook maar baie maklik was, daar hy met die omstandighede van hierdie anderkant byna heeltemal bekend was. En toe het hy so geredeneer: 'Sulke vals storietjies is verderflik en baie nadelig vir seker onkundige gemeentelede, wat maar alles vir soetkoek opeet; en ons, ouderlinge, kan daar baie aan doen om die gemeenheid daarvan aan almal aan die kaak te stel. Op die vandiesie sal baie mense wees — ook Jan Sous met sy rouband en Tomie Lokner sonder sy wolkombers. Ek moet dus ook na die vandiesie gaan; miskien kry ek dan 'n kans om weer 'n ietsie te doen in die diens van my Heer'.

Die afslaer was 'n haastige kêrel met meer as te veel werk op hande. En so het hy somar vroeg die môre op 'n kas geklim en die klomp mense laat bieë dat die wêreld verstom gestaan het waar al die geld vandaan kom. Alles het ook gou en



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

glad soos seep gegly, en reeds kwart voor twaalf was die ganse kaboedel onder die hamer deur en verkoop. Maar vooruit was kennis gegee dat daar die middag kos en drank volop sou wees. Behalwe die haastige afslaer en 'n stuk of wat oues van dae het almal dus agtergebly om eers die inwendige mens te versterk en lekker te gesels.

Tomie Lokner met Jan Sous as getuie het hom toe ook somar klaar gemaak vir 'n lekker ding. Maar die ouderling was 'n man wat gou handelend opgetreë het en hy het toe reeds gestaan en roep: „Mense, kom tog asseblief hier bymekaar en dan sal julle 'n wonderlike storie hoor!"

Hierdie woorde het soos 'n fyn voorslag gewerk om nuuskierige mense aan te keer — tot Jan Sous en Tomie Lokner wou darem ook eers graag weet watter wonderlike storie dit dan sou wees, en so het hulle ook ewe gou met uitgerekte nekke aangedraf gekom. Toe sê die ouderling:

„Vriende, voor ek julle die wonderlike ding vertel, moet ek eers gou net 'n paar woordjies met twee ou vriende hier wissel."

Daarop draai hy hom na Jan Sous en sê: „Ai, neef Jan, ons het verneem van julle swaar verlies; glo my, my vrou en ek voel saam met julle, want ons het ook al ondervind wat soiets vir die ouerhart beteken. En dan hoor ons nog dat alles ook so gou gebeur het, — wanneer het die kind siek geword?"



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Jan Sous se gemoed skiet hom vol, maar hy antwoord darem: „Dankie; die . . . die een-en-twintigste, die Maandag; en die . . . die vyf-en-twintigste al begrawe."

„Ja, so onverwags is die dood, en so onbeholpe staan die mens in sy teenwoordigheid", sê die ouderling.

„Ek kan my daardie paar dae goed herinner", vervolg hy verder, „want toe was ons leraar en ek op huisbesoek in die uithoek tussen Kenhardt en Springbok — meer as 100 myl van hier, soos julle almal weet; ons het dus nie eens kon droom wat toe hier gebeur nie, wat nog te sê vir julle in julle beproewing kom besoek. Ek hoef dus ook nie eens nog te sê dat ons nie hier kon teenwoordig wees nie, want dit weet julle tog self as groot mense van verstand, en juis daarom sal julle mos ook nie soos arm, onverstandige kinders die onmoontlike begeer of verwag nie."

By hierdie woorde loer Jan Sous versigtig rond en toe gewaar hy dat baie mense, selfs van die nuuskierige agies ook, hom nou verwytend aankyk. Hy word toe somar warm van ergernis, maar weet nie wat om te sê of te doen nie; en meteens kom daar toe ook 'n stemmetjie in hom op wat g'n sondaar kan onderdruk of versmoor nie: jy was te haastig, jy was te haastig.

Maar ondertussen het die ouderling hom na Tomie Lokner gerig en sê toe:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

„Neef Tomie, die kommissielede het by hulle laaste sitting nie vir jou 'n wolkombers wou toeken nie, want hulle het gesê hulle wou jou die les leer dat één kommissielid net so min die reg het om stoksielalleen wolkomberse uit te deel as wat één parlementslid alleen sal kan wette maak of alleen sal kan staatsgeld uitgee. Maar weet jy wat? Jou ou jammerhartige leraar het toe vir jou 'n lekker wolkombers losgepleit en dit met my saam vir jou agternagestuur: dis 'n lekker kombers, hy lê daar op my kar en ek sal hom binne in jou huis gaan aflewer."

Hierop kyk die ouderling so oor die skaar van mense en sê: „En nou vriende, nou wil ek julle die beloofde ding vertel: Ek het uitgevind dat al die skinderpraatjies hier in omloop meesal gebore word uit ons voorbarige vooroordeel; en hierdie vooroordeel het weer sy ontstaan te danke aan ons eie verwaandheid en selfingenomenheid en eie roem; en hierdie selfingenomenheid met onsself is die duidelikste teken dat ons onsself nie ken nie. Die eintlike, ware wortel van al hierdie onkristelikhede is dus net ons onkunde omtrent onsselwe. Dit sal dus baie goed wees as ons hierdie onkunde wil verminder deur innerlike eie-ek-studie, want dis hierdie soort onkunde wat van onsself 'n god en van ons naaste 'n duiwel maak."



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

## Hoofstuk III.

## 'N GROOT BOESMANLANDSE BARS.

Ons was 'n hele klomp mense bymekaar en het gesels oor die moeilike tye. Met uitsondering van ou oom Koos Gedagtes het elkeen iets oor die onderwerp te sê gehad. En min of meer almal het saamgestem dat aanhoudende droogtes die grootste ramp is vir die arme boer en dat niemand daarteen bestand is nie.

Later sê iemand: „Maar hoekom het oom Koos Gedagtes dan nog al die tyd so stil gesit en ook nie iets oor ons onderwerp gesê nie?"

En toe soebat almal vir oom Koos dat hy ook iets moes sê. Hierdie ou man het eers allerhande ekskuse gemaak om los te kom, maar dit was tevergeefs, want na baie moeite het ons hom tog oorgehaal om ons sy sienswyse van die saak te gee.

Toe begin die ou: „Kyk, kêrels, ek wou nie praat nie, want ek stem nie met julle saam in alles nie; ook sal ek julle tog nie oorhaal om in my opienie te deel nie, want julle is al almal ou hardekoppe met 'n eie sin en wil en waanwysheid. En as ek nou *moet* praat, sal ek net uit eie ondervinding van baie jare praat; dan sal ek met die naakte waarheid uitkom en daardeur sal nog van julle geaffronteer raak."



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

„Nee, nee!" skree ons hierop, „praat maar vry uit, vry uit."

„Nou goed," sê oom Koos, „dan sal ek julle sê wat ek ondervinde het as ou boer van sewentig jaar. Julle sê 'n boer is nie bestand teen aanhoudende droogtes nie; ek sê dis nie die volle waarheid nie, want sover as my verstand gaan, is dit my heeltemal duidelik dat die Boesmanlandse boer goed kan klaarkom en bestaan al duur 'n droogte ook hoe lank. Hy moet net oorlog hê en net die regte planne op die regte tyd maak. Ek weet van baie boere wat gedurende 'n twee- of driejarige droogte, nie deur die droogte nie, maar deur hulle eie slegte planne glad totaal uitgeroei is; en dan skryf hulle dit aan die droogte toe! of selfs aan 'n noodlot of die Voorsienigheid. Die grootste fout, wat sulke boere gedurende 'n droogte maak, is om so bang te word vir moontlike skades, dat hulle orals gejaagd en haastig rondvlug met arme diere wat baie beter sou bestaan het, as hulle op hulle gebore grond stil en rustig gelaat was. Ek het in my lewe ondervinde dat diere wat op 'n seker plaas of plase gebore en groot geword het daar juis in tye van groot droogtes nie moet weggevat word nie. Want dan word hulle nie gesout teen droogte nie. Met ander woorde, hulle moet 'n kans gegee word om hulle geboortegrond onder alle omstandighede te leer ken en te leer gewoond raak soos 'n twede



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

natuur, en net soos die ou steenbokkies of ander wild wat op daardie selfde grond in die strafste droogte heeltemal lekker klaarkom om hulle eenvoudig g'n ander grond ken nie, en . . ."

„Nee wag, oom Koos", val iemand van ons hom hier in die rede, „jy praat nou darem te maklik en te . . ."

„Nee, Neef, nou moet jy wag, want ek het mos nie aan julle diskussie wou deelneem nie", val oom Koos die man weer in die rede, „maar julle het my daartoe gedwing, en nou gaan ek alles sê wat ek te sê het. Ook praat ek nie maklik nie, maar ek praat oor sake wat my ook smarte, bitter teleurstellings en skandes en skades besorg het. Tog het ek deur al die moeilikhede wyser geword; daar is mos ook niks wat jou so leer as harde ondervindings nie. Ek kan dus vandag van ondervinding praat en ek sê dat al die rondtrekkery van ons Boesmanlanders ons dood is. Al wat ons nodig het is ons eiendomsgrond en genoeg water daarop. En daarop moet ons leer om deur dik en dun te bly, al gebeur ook wat. Slegs dan sal ons en al ons diere ook plaasvas raak, die grond onder alle omstandighede leer ken en daarmee leer klaarkom.

Ek het gesien dat mak huis-veetjies wat op 'n werf opgroei later vir hulle so aanpas by die werf en sy ou bossietjies in die onmiddellike nabyheid dat hulle in die grootste droogte vet bly. Dood-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

gerus bly hulle smôrens op die werf lê en herkou tot hoog sonop: dan staan hulle vanself op (want niemand bemoei hom met hulle nie) en gaan oos, wes, suid of noord na die ou bossietjies digby die werf. Daar soek hulle hier of daar 'n ou blaartjie, 'n ou klipgraspolletjie, 'n kweekworteltjie of vergane stengsels van seker plante. En hoe droog dit ook al word, hulle kry altyd iets om te vreet en nog iets om aan te herkou ook.

Hulle ken reeds lankal die laaste ou duikie of laagtetjie waar miskien tog nog 'n gannatjie, blomkoolbossie, vygie of slaaitjie te vind is, en waarmee hulle smaak en hulle pense ook lank reeds goed ooreenkom. Hulle weet reeds waar nog ou blou, verwaaide haasgraskaffies of ander droë maar vreetbare ietsies te kry is. En so slenter hulle op hulle stil en rustige manier al in die rondte rond tot die son begin warm word. Dan keer hulle so voetjie-vir-voetjie huiswaarts, sodat hulle ook nie kan warm of verhit word nie, en gaan ergens op die werf onder ou skaduweetjies lê tot laat in die namiddag wanneer dit weer lekker koel is. Dan herhaal hulle dieselfde rondslentery van die voormiddag, maar sorg dat hulle weer vroeg vanaand in hulle ou hol lêplekkies by die veewerf lê en herkou.

En so hou hulle van Januarie tot Januarie aan in 'n seker noukeurige gereeldheid wat selfs die baas van die werf kan beskaam. En op hier-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

die manier bly hulle in 'n goeie, slagbare kondiesie. En ek het gesien dat as miskien later één van hulle van maerte beswyk, daar dan reeds duisende rondtrekkende vee aan dieselfde ellende gevrek het. My vrou het in 1880 met twee hansboklammertjies op die werf begin boer. Toe hulle jaaroud was het elkeen twee ooilammertjies gehad. En binne 'n paar jaar daarna was hulle geslag ses-en-dertig. Toe het ek met 'n paar bokhansies — ook op die werf — begin. En dit kan ek julle nog goed sê, in die vreeslike droogte van 1892 en 1893 was die troppie huisvee van my en my ou vrou nog die beste en sterkste van die hele, dooie Boesmanland. Ons het hulle nooit meer as 'n 200 laat word nie, sodat hulle ou veldjies hulle kon dra. Maar ons het gedurig uit hulle kon slag en geld maak ook."

„O so, dan wil Oom hê ons moet net met huisveetjies rondom ons werwe boer; dit sal 'n verspot besigheid wees", sê iemand toe hierop.

„Nee, my ou Neef", antwoord oom Koos, „ek verg van julle hoegenaamd niks; ek vertel maar net op julle eie gesoebat wat ek weet en ondervind het. Ook beteken huisvee nie vee wat net ewig al rondom en op dieselfde werf moet bly nie. As jy 'n man met oop oë, oorleg en verstand is, sal jy jou huisvee onder seker omstandighede en tye ook daar gunter by 'n ou sparinkie of ander veldjie bring. Maar jy sal hulle nie daar-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

heen aanja nie, néé; jy sal hulle daarheen slegs onder jou oog op hulle eie laat loop. Want vee moet altyd op hulle eie loop, nooit aangejaag word nie; en hoe wyer hulle uitmekaar loop hoe beter vir hulle. Hulle moet nooit toue vorm en agtermekaar loop nie; hulle moet nooit voetpaadjies uittrap nie; hulle moet nooit stof onder hulle kloutjies laat uitslaan nie; hulle moet altyd hulle eie tyd hê by elke bossie, opslaggie of wat ook al; hulle moet min of meer hulle eie kop kan volg; hulle moet nooit en te nimmer na die sin en grille van 'n onkundige baas of wagter behandel word nie.

En daar ek nou my veldstroppe min of meer net soos my huisvee daar in die veld behandel en laat begaan, nou boer ek ook, ja, nou *boer* ek ook. En weet julle, my vriende, wat die woordjie 'boer' vir my betekent? O, julle weet nie? Nou dan sal ek julle sê. Die woordjie 'boer' betekent vir my deur dik en dun, deur suur en soet vorentoe gaan, vorentoe gaan, altyd vorentoe. Al kos dit my ook 'n gespartel, 'n worsteling en slapelose nagte, maar ek moet vorentoe gaan, anders boer ek nie. As my skaap op die laaste dag van Desember in verlede jaar maar 'n 800 byvoorbeeld was, dan moet ek my van daardie selfde dag af klaarmaak om in die nuwe 365 dae wat voorlê, so te spook en te spartel dat my skaap die laaste dag van Desember in hierdie jaar meer



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

is as 800, maar op die dood nie weer net 800 of één minder nie. Dit is te sê as my skaap my kos en klere en my geld en my lewensbestaan moet verskaf. Want dit spreek vanself dat, as ek liewer net met beeste of ander diere wil boer, ek dan weer my aandag en kragte aan daardie diere op dieselfde nougesette wyse moet wy."

„Mastag, oom Koos", sê nou weer iemand, „maar daar kom darem dae wat ek graag sou wil sien hoe jy so sal kan vorentoe spook soos jy daar sê."

„Maar daar kom darem ook dae, my ou Neef", antwoord oom Koos ewe kalm, „waarop jy in die nood op die enige en regte wyse leer bid, en dan eers regtig die nodige verstand en oorleg verkry om tog nog vorentoe te boer. Waarlik, die allerdroogste jare was nog die grootste seën vir my. Toe het ek eers — nood gedronge — vir myself moes red of ek sou ten onder gegaan het; toe het ek eers die kans gekry om die een plan na die ander op die proef te stel en also die onmisbare, praktiese kennis van dor en droogland- en droogveldboerdery op te doen; toe het ek eers in daardie angstige jare geleer wat 'n Boesmanlandse boer werd is en waartoe hy alles in staat is. En daarom sê ek julle nou met oortuiging: skaars tye en langdurige droogtes is eers die ware breityd, die proefondervindinglike leergangsjare van ons Boesmanlanders. Dis g'n kuns



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

om in jare van geseënde reëns te boer nie; dit kan elke jakkals en muishond doen. Maar Egipte kan nie verwag om net ewig mooi jare en volop en vet jare te hê nie. Die skaars jare sal gewisselik kom. En dit vereis nie 'n Josef om dit hier vir ons te kom sê nie; ons het reeds genoeg gesien en ondervinde.

Ergens in ons land is 'n baie groot volksdigter, hulle noem hom Jan Ciljee. En weet julle wat hy gesê het? Hy het gesê: ,Ek hou van 'n man wat 'n *bars* kan kyk'. En weet julle wat betekent die woordjie *bars* vir my hier in ou Boesmanland? Dit betekent vir my bestand teen die verskriklikste droogtes. En mag die hele Boesmanland saam met my met hart en siel sê: Ek hou van 'n man wat teen droogtes kan staan. Dis die man vir my. Hom wil ek my tot voorbeeld maak. Wat hy leer doen het wil ek ook doen. As hy somarso 'n groot *bars* deur die kwaaiste droogte kan kyk, sal ek dit ook kan doen.

En weet julle waarom ek nou so praat, my ou vriende? Dis om my ou hart stukkend geskeur is oor my ou dierbare Boesmanland. Selfs al sou ek die ongevoelige hart van 'n stadhouer Gallio gehad het om my maar niks van die dinge aan te trek nie, dan nog sou ek tog so gevoel het as wat ek vandag voel. Want Boesmanland het nou so agteruitgegaan dat die hardste hart daarvoor moet smelt. Die droogtes het ons seneweeagtig



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011